Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

26 Maart 2017

OGGENDDIENS: Ds. Karel

Skriflesing: Johannes 4:1-26
Teks: Johannes 4:4
Tema: Leef ware aanbidding daar waar jy is, want God het jou geplaas waar jy moet wees!

"Klein botteltjies, groot gif". Só lui die spreekwoord oor klein mense wat baie sterk persoonlikhede het. Dieselfde kan egter gesê word van die woorde wat ons gebruik. Baie keer is daar klein, kort woorde wat ons gebruik, maar wat `n massiewe impak maak.

Die woordjie "moes" in Johannes 4:4 is een van hierdie woorde. "Hy moes deur Samaria gaan". Hierdie woord wil vir ons leer dat dit nie maar `n noodwendigheid was dat Jesus deur Samaria gegaan het nie. Hy moes dit doen. Daar was `n God-gegewe rede vir hoekom Jesus op daardie stadium van Sy lewe en bediening daar moes wees.

Só ook is daar `n God-gegewe rede vir hoekom ek en jy ons op hierdie tydstip hier in Potchefstroom, Suid-Afrika, bevind. Ons bely immers dat niks per toeval of weens die noodlot oor ons kom nie, maar dat God alles beskik. Kom ons kyk vandag na hoekom God ons juis hier geplaas het.

Lofprysing en aanbidding
Lied 207: 4, 5 en Lied 284: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 25-1: 2, 4; Votum; Seën; Loflied Ps. 68-2: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: HK Sondag 10

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Sing Sb. 9-1: 1, 2; lees Sb. 9-1: 3, 4, 5, 6, 7, 8 en Sing Sb. 9-1: 9, 10, 11; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Ps. 16-3: 3 (A. Krog); Woordverkondiging;

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Sing Lied 200: 2, 3; Seën; Amenlied Sb.13-1.

GROEPBEDIENING

Vanaand gee ons weer aan al die groepe in die gemeente geleentheid om bymekaar te kom.
Daar vergader om 18:00 `n groep by die kerkgebou onder leiding van Ds. Piet.
Bring asseblief jou Bybel en Psalmboek

saam. Ons gaan in die volgende tyd **fokus op die kronologie van gebeure in die lydensweek vanaf die Sondag met Jesus se intog in Jerusalem tot die Vrydag met sy kruisiging.**

MEELEWING

- Nadia de Klerk (Groep 2 - 060 800 0361) word steeds in Multisorg behandel.
- Magdaleen Venter (Groep 45 - 082 306 8940) was in die hospitaal opgeneem met bloedklonte in die long. Sy is reeds ontslaan en sterk tuis aan.
- Lien Malan (Groep 26 - 072 281 5895) se suster het in die afgelope week in die Here ontslaap na `n lang siekbed. Ons dra hulle aan die troos van die Here op.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap, herstel en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Srs Marianne Kruger, Bettie Ras, Janet vd Walt, Hester Buys, Anna Scholtz, brs. Isak vd Walt, Tjaart Snyman, Andy en Blossom Pretorius.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of Marian de Kock (082 950 4358)

ONS GROET

Ruan Drijfhout wat met Bewys van Lidmaatskap na NG Potch-Oos vertrek.

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag

09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Geen Katkisasie
Tee en Koffie
Groepbediening

Maandag

18:30 Kinderfees beplanningsvergadering

Dinsdag

18:00 Sustersbestuur en ander belangstellendes: Ds Karel & Susan se afskeidsbeplanning

Woensdag

11:00 Nagmaal: Huis Anna Viljoen
Geen Katkisasie vir gr 9 - 11: afgesluit vir die kwartaal
18:00 Kerkraad: Kommissie-vergadering: Ds Karel se afskeid en losmaking
19:00 Bybelstudie: Klipdrif

Vrydag

Skole sluit

KENNISGEWING VAN DIE KERKRAAD AAN GEMEENTE

Insake losmaking en afskeidsgeleentheid van Ds Karel en gesin

Die Kerkraad het in oorleg met ds Karel besluit dat die losmaking en afskeid van ons gemeente DV die naweek van 7 Mei 2017 sal plaasvind. Verdere besonderhede hieroor sal na die April skoolvakansie bekend gemaak word. Lidmate kan solank die datum reserveer om hieraan mee te doen. Intussen gaan ds Karel volledig voort met sy dienswerk tot en met losmaking. Ons

bid vir ds Karel, Susan en Sion seën toe in hierdie proses.

Insake toekomstige bediening van die gemeente

Die Kerkraad sal by die vergadering van 11 Junie 2017 besin oor moontlike bedieningshulp, asook ŉ proses om ons bedieningsbehoeftes te evalueer met die oog op ŉ besluit rakende moontlike beroeping op ŉ latere stadium, al dan nie. Ons versoek lidmate om alreeds vir hierdie proses en besluite voorbidding te doen, sodat ons as gemeente die regte besluit tot opbou van die gemeente en die koninkryk van God kan neem.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 26 Maart

Br Sarel Buijs	082 491 0557

Maandag, 27 Maart

Jsr Telana vd Westhuizen	
Br Pierre Viviers	082 377 7699

Dinsdag, 28 Maart

Sr Lumè de Klerk	072 257 0748
Sr Marthie Schutte **(72)**	083 741 6263

Woensdag, 29 Maart

Br Dian Aucamp	072 020 0789
Sr Wilma Viviers	082 577 7545

Donderdag, 30 Maart

Sr Sonja Olivier	083 282 9732
Jsr Nicolize Venter	

Vrydag, 31 Maart

Br Eddie Coetsee	072 567 8932
Sr Bettie Niemand **(84)**	082 421 5380

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid
- Gawe by die deure vanoggend vir die Teol. studentekas.
- Gawes volgende Sondag vir Christelike onderwys.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 32 en 33.

HOSPITAALBESOEK

Namens die diakonie se dagbestuur ‘n woord van opregte dank aan die volgende lidmate wat bereid is om siekes in die hospitaal te besoek. Elkeen kry ‘n week-beurt, dus plaas dit nie soveel druk op hulle nie en deurdat hulle help maak dit die werk van die siekebesoek groep baie ligter:

Susan Lourens, Marian de Kock, Lou en Magdaleen Venter, Rina Seyffert, Em Volschenk, Hendrik vd Walt, Earnest de Vries, Anna Smit en Hannetjie du Plessis.

Indien nog iemand bereid is om betrokke te raak, kontak vir Anna Smith by 082 765 9813.

BARMHARTIGHEIDS-DIENSGROEP

Baie dankie aan GROEPE 27, 37 en 41 vir die bydraes in kontant wat geïn is deur kollekte met groepsbyeenkomste. Die bedrag beskikbaar was R1750.

Dankie ook aan al die ander lidmate se bydraes in die vorm van droë voorraad.

Dit het daartoe bygedra dat ons ‘n goeie maand-pakkie aan sewe gesinne kon gee wat ingesluit het: Vars groente, 2kg vleis, mieliemeel, koekmeel, kookolie, badseep, toiletpapier, verskeie blikkies, melkpoeier, suiker, koffie, rys, pasta, ens., om ‘n paar items te noem.

Elke bydrae word waardeer en die kontant het gehelp met die aankope.
Anna Smith

MILDEHANDE

Mildehande brei onder andere serpe, warm kouse, musse en ander items vir verkeie ouetehuise. Ons wil volgende week ‘n besoek bring aan “Ons Hulde” en later deur die jaar ook aan ander tehuise. Ook van ons Bybelstudiegroepe skakel by ons in. Hartlik welkom aan elkeen wat iets vir ons bejaardes wil hekel of brei.
Annetjie Vermeulen

KENNISGEWING AAN KERKVERBAND : ARTIKEL 12 KERKORDE

Dit is met hartseer dat die Suidelike Streeksinode, Klassis Boland en die Gereformeerde Kerk George aan die wyer kerkverband kennis gee dat ds Human Coetsee, kragtens Artikel 12 Kerkorde, besluit het om oor te gaan tot `n ander staat van lewe. Hy tree dus uit die bediening van die Woord.

Klassis Boland en Deputate vanweë die Suideike Streeksinode (Art. 49 KO) het die aansoek van ds HB Coetsee ondersoek, deeglik oorweeg en goedgekeur.

Ons bid br HB Coetsee en sy gesin die besondere genade en seën van die Here toe.

Namens Suidelike Streeksinode
Deputaat Korrespondensie
Ds CCA Vrey

BEROEPE NUUS

BEROEP AANVAAR

- Ds CB Robinson (Brahm) van Walvisbaai na Cachet.

BEROEP BEDANK

- Ds CJ van Heyningen (Johan) van Stellenbosch na Windhoek-Suid.

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

Webblad:
www.oosdoppers.co.za
Facebook:
www.facebook.com/oosdoppers

Beeldmateriaal van preke kan hier gesien word : http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Ons wil ook graag ’n vriendelike versoek rig dat u nie op die gemeente se elektroniese sms-stelsel terug antwoord nie, maar asseblief die kerkkantoor bel of ’n e-pos stuur, aangesien dit ’n rekenaar-sms is.

Ds Karel se preke kan aanlyn besigtig word by http://karelsteyn.blogspot.co.za/ . en word ook weekliks uitgestuur per e-pos.

Ds Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hulle indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE:

PREDIKANTE & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237

Ds. Karel: 018 294 3067 / 072 476 8794

Kerkkantoor: 018 290 7690

KENNISGEWINGBORD IN DIE SKUUR

- Pos beskikbaar as Hoofredakteur van "In die Skriflig" - die akademiese tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereeniging van ons GKSA predikante.
- Inligtingstukke: Kerklike tydskrifte
- Vakature Adminburo: Assistent van die Rektor en Rektoraat

KINDERFEES TYDENS OKTOBER-VAKANSIE

Ons beplan om tydens die Oktobervakansieweek 'n Kinderfees vir laerskoolkinders hier op ons kerkterrein aan te bied. Ons wil graag die plaaslike gemeenskap met hierdie Kinderfees bereik en is baie opgewonde oor die impak wat die projek op die gemeenskap en gemeente kan maak. Die Kinderfees dien ook as ons Belydenisklas se uitreikprojek. Ons het egter baie ander hulp en hande nodig.

Die gedagte is om vir laerskoolkinders van 7:30 tot 13:00 'n geestelike opbouprogram met pret en lekker aktiwiteite aan te bied. **Ons nooi almal wat graag by die projek betrokke wil raak uit om Maandagaand om 18:30 ons eerste beplanningsvergadering by te woon**. Indien jy nie more-aand hier kan wees nie, laat weet asb vir ds Piet dat jy belangstel om aan die lekker projek mee te werk.

TOPIA (Toerusting van predikante in Afrika) 'n Bediening wat deur ons gemeente ondersteun word.

Stap saam met TOPIA op 'n reis van verandering. Sien die impak van 'n bybelse lewens- en wêreldbeskouing in mense, gemeenskappe en nasies. Luister hoe die stories ontvou in en deur God se kerk.

Die afgelope drie weke in Zambië het verbygesnel. Ek het die module, *Christelike karakter*, vir die diplomastudente by *Covenant College* aangebied. Ons het biddend God se dienskneg-karakter in die Bybel bestudeer. Vanuit ons verhouding met God het ons ook na onsself as diensknegte gekyk. Ons het weereens besef ons mag nie dien net wanneer ons wil en dit ons pas nie; nee, ons is voltyds God se diensknegte. Dit is 'n lewensingesteldheid en deel van ons identiteit.

Die nuwe prinsipaal, Emmanuel Sakala en sy vrou, Maggie, het reeds diep in die harte van die studente en die personeel gekruip. Emmanuel Sakala het nie net 'n goeie teologiese agtergrond nie, maar het ook goeie bestuursvaardighede. As trustee van *Covenant College* is ek die Here innig dankbaar vir die dienskneg wat Hy vir ons voorsien het. Ons het ook die afgelope naweek amper 'n duisend kilometer saam gereis om oudstudente in Lundazi, Chiparamba, Katete en Nyimba te besoek.

Die res van hierdie semester se program vir Topia lyk soos volg.

April – opleiding te Shakawe in Botswana.

Mei – 'n besoek aan *EPC* in Malawië en *Back to the Bible.* In die eerste week vergesel ek die span wat TOPIA gaan help om vir die volgende vyf jaar ouderlinge van

die *EPC* in Malawië op te lei. Die doel is opleiding en om die span aan die leierskap van die *EPC* voor te stel. Die res van Mei geskied die opleiding by *Back to the Bible* in die Barberton-omgewing.

Junie – Die eerste week van Junie is ek by gesprekke oor die leierskap van die Zoeloe-kerke te Richmond in Natal betrokke.

Gebede:

- Dank en prys die Here vir wie Hy is.
- Bid vir die uitbou van God se koninkryk in Afrika.
- Bid vir kerke en kerkleiers in Afrika.
- Bid asseblief ook vir die verskillende besoeke soos in die maande hierbo aangedui

Koninkryksbelegging

Fondse en kollektes word benodig en aangewend vir die volgende:

- Besoeke aan gemeenskappe (Ons is baie dankbaar vir die fondse wat alreeds ontvang is om Zambië en Botswana te besoek. Topia benodig egter nog sowat R20 000 om die span na Malawië te kan neem.)
- Druk- en vertaalwerk
- Versorging van die Aucamp-gesin

Indien jy geroepe voel om by TOPIA 'n koninkryksbelegging te maak, is ons bankbesonderhede die volgende:

ABSA tjekrekening, TOPIA Tessa Trust, Takkode: 632005
Rekeningnommer: 4074089319

CHRISTUS HET OPGESTAAN – IN HOM, DEUR HOM EN VIR HOM!

Johannes, Lizanne, Lourens, Arina en Lizanné Aucamp

KERKKAMP

ALWEER SULKE TYD!

WAAR: SMILINTHRU
DATUM: 12, 13 & 14 MEI '17
KOSTE: CHALETS = R700 per nag
KAMPPLEKKE: R80 P/P per nag
COUNTRY VILLAGE(SILO'S)
R480 P/KAMER (2 PERSONE) per nag
COTTAGE: R700 per nag

Stuur 'n sms of whatsapp na 082 765 9813 indien u sou belangstel, sodat ons 'n aanduiding kan kry van hoeveel gesinne graag wil gaan. Amptelike besprekings word begin APRIL gedoen.
Baie dankie aan al die kampers!
Ek hoor graag van julle!
Anna Smith - 082 765 9813

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Turkstra BAKKERY

ONS SPESIALISEER IN DIE VOLGENDE:

- Fyngebak
- Pasteie
- Koekies
- Beskuit
- Terte
- Kruie
- Speserye
- Bakbestanddele
- S.A. Droëvrugte
- Verpakkingsmateriaal

"Ons bak met passie"

Gouwsstraat 7 Potchefstroom
Tel : (018) 294 4271

SUSTERS IN DIE GELOOF

"DIE VREUGDE VAN 'n LEWENDE GELOOF"

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word **vandag** onder die leiding van Miems Labsuschagne (Groep 40), Marie Oosthuizen (Groep 41) en Marike Grobler (Groep 42) bedien.

Volgende week skink Maria Pretorius (Groep 2), Johanna Venter (Groep 3) en Anrie vd Schyff (Groep 4) tee. *Baie dankie julle!*

- *Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters en broers wat met die skink en opwas help!*
- *Ons moedig susters en broers aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!*

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsameling geleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Die blikkies se kleingeld het dit moontlik gemaak vir die susters om in 2016 vir 29 persone 'n blomme-bederf of iets anders te gee. Baie dankie vir julle getroue bydra!***

BANKBESONDERHEDE VIR SUSTERS SE INBETALINGS

Susters, let daarop dat die Susters 'n aparte bankrekening het vir al hul bydraes, nagmaaletes se inbetalings, ens. Die rekeningbesonderhede is:
Potchefstroom-Oos Susters
Capitec Bank, Tjekrekening: 145 652 5695, Takkode: 470 010

OOSDOPPERTJIES



PAASFEES

Dis amper Paasnaweek en vir baie kinders beteken dit vakansie-hou en paaseiers eet. Maar het julle geweet dat Paasnaweek eintlik niks met paaseiers en paashase te doen het nie, maar die eerste keer amper 4000 jaar gelede in Egipte gevier is? Dit was natuurlik toe die Israeliete, God se volk, slawe van die Egiptenare was. 'n Slaaf is iemand wat aan iemand anders behoort en sonder betaling alles vir sy baas moes doen. Die Israeliete het baie swaar gekry in Egipte en hulle het gewens iemand sou hulle vry maak. God het hulle swaarkry gesien en vir Moses geroep om hulle uit Egipte en weg van slawerny te vat. God het gesê hy moet na die Farao, die koning van Egipte, toe gaan en vra dat die Israeliete mag wegtrek. Vra gerus vir jou Pa of Ma om weer vir jou Eksodus 1-14 te lees. Die Farao wou natuurlik nie sy slawe sommer net laat gaan nie, want wie sou dan al die werk vir hom moes doen? Daarom het God tien plae oor die Egiptenare laat kom. Elke keer as 'n plaag die land getref het, het die Farao gesê die Israeliete kan maar trek, maar elke keer as die plaag verby was het die Farao terruggegaan op sy woord. Die tiende plaag was die ergste van al die plae. Die Here het vir Moses gesê Hy gaan al die oudste kinders in Egipte doodmaak, sodat die Farao definitief die Israeliete sou vrylaat om te trek. Om te keer dat die doodsengel nie ook die oudste kinders van die Israeliete doodmaak nie, het die Here gesê al die Israeliete moet 'n lammetjie slag en dan die bloed van die lam teen hulle huise se deurkosyne smeer. Die lammetjies het gesterf en hulle bloed het gekeer dat nie een van die Israeliete doodgemaak is nie en dat almal uit Egipte kon trek. God het die lammetjies gebruik om al die Israeliete vry te laat wegkom. Om sy kinders te herinner aan hoe Hy hulle uit Egipte, die plek waar hulle slawe was, gered het, moes hulle elke jaar Paasfees vier. Baie jare later toe Jesus op aarde geleef het, het Hy en sy dissipels ook Paasfees gevier. Terwyl hulle geëet het, het Jesus brood en wyn gevat en vir sy dissipels gesê, die brood is soos sy liggaam en die wyn is soos sy bloed, as hulle dit eet moet hulle weet dat Hy wat Jesus is, nes die lammetjies in Egipte, doodgemaak gaan word. Nie sodat hulle nie meer slawe van die Egiptenare hoef te wees nie, maar sodat hulle en ons nie meer slawe van sonde hoef te wees nie. So het Jesus die lam van God geword waardeur ons gered word van die dood en hel. En dis hoekom ons Paasfees vier: Om terug te dink aan die dag toe Jesus vir ons sonde aan die kruis gesterf het. Die Donderdagnag wanneer Paasnaweek begin, het die soldate Jesus gevang en die Vrydag het hulle Hom aan die kruis gespyker. Daar het Hy gehang totdat hy dood is en daarna het van sy vriende Hom begrawe. Die Sondagoggend toe Maria egter by die graf kom, was sy liggaam nie meer daar nie, omdat Hy uit die dood opgestaan het. Daarom vier ons die Vrydag van Paasnaweek Jesus se dood - dat hy gesterf het om ons deur sy bloed te red. En die Sondag vier ons Jesus se opstanding uit die dood - dat Hy lewe sodat ons die Ewige lewe kan hê! Bid sommer vandag nog en sê vir Jesus dankie dat Hy op Paasnaweek bereid was om in jou plek te sterf en vra sommer ook jou Ma of Pa om Lukas 22-24 vir jou in die Bybel te lees.

GESINSUITSTAPPIE

Baie dankie vir almal wat aan die uitstappie deelgeneem het en 'n spesiale dankie aan tannie Marie wat al die reëlings getref het!